

Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging vir Blindes



My Oë Reggie

Geskryf deur Robert
Sholto-Douglas-Vernon



Beste Vriend van Gidshonde

Reggie, 'n 17 maand oue Labrador/Golden Retriever kruis, is my nuwe metgesel. Hy is my derde Gidshond.



Reggie is uitstekend in die werk waarvoor hy opgelei is en pas terselfdetyd gemaklik in ons gesin as 'n wonderlike troeteldier. Sy vermoë verbeter my onafhanklikheid en stel my in staat om 'n relatiewe normale en produktiewe lewe as 'n persoon met siggestremdheid te lei.

Reggie begelei my op 'n daaglikse basis vanaf die Centurion Gautrein stasie na my kantoor wat geleë is in die hartjie van Sandton. Ek werk tans by Discovery as a Spesialis Opleidingskonsultant en is verantwoordelik vir die opleiding van die finansiële adviseurs.

Die eerste taak waarmee ek Reggie toevertrou, is om die venster op te spoor waar ek my treinkaartjie koop. Hy doen dit deur my instruksie te volg en in 'n japtrap is ons gereed om deur die glas deurgang te beweeg na die platform. Reggie neem my na die einde van die platform omdat hy weet dat dit die voorkant van die trein is waar, met behulp van sy sjarme, ons dalk net gelukkig sal wees om 'n sitplek in spitsverkeer te kry. Mede-passasiers het my en Reggie al leer ken en met hom aan my sy is ek gewaarborg daarvan dat daar gesprekke met my aangeknoop sal word.

Wanneer ons binne die stasie rondbeweeg, is dit egter belangrik dat Reggie gefokus bly. Hy moet my deur honderde mense begelei om die roltrappe te vind. Nadat ons die besige stasie baas geraak het, moet ons 'n verdere 1.5 kilometer stap na my kantoor. Die oorgrote meerderheid van die pad is geplavei maar met al die konstruksie in Sandton, word Reggie se opleiding tot die uiterste getoets. Tot dusver het hy hom puik van sy taak gekwyt om my veilig deur die konstante veranderlike konstruksiewerf te begelei.



Met twee verkeerslig kruisings op ons pad word Reggie se vaardighede verder getoets en ek het al op twee afsonderlike geleenthede vir hom instruksie gegee om vorentoe te beweeg wanneer dit nie veilig was nie. Gidshonde word opgelei om instruksies te ignoreer wanneer dit nie veilig is om dit uit te voer nie. Hul kyk egter nie na die kleur van die verkeerslig om hierdie besluit te maak nie, dit bly die verantwoordelikheid van die eienaar om te luister na die vloei van verkeer en die besluit te neem. Wanneer ek die parallele verkeer hoor wegtrek, weet ek dat die lig na groen verander het vir my.


Na 'n besige dag op kantoor, verwyder ek Reggie se harnas en leiband en dan verander hy in die beste troeteldier waarvoor ons kon vra. Ek is bevoorreg om 'n pragtige vrou en twee fantastiese jong kinders te hê wat baie lief is vir diere. Hulle speel graag met Reggie en geniet hulself gate uit om hom in die tuin rond te jaag.

Aangesien Reggie 'n Labrador/Golden Retriever kruis is, is dit vir hom baie moeilik om die swembad te vermy en wanneer ons nie aandag gee nie, maak hy behoorlik van die geleentheid gebruik! Reggie is meeste van die tyd



aan my sy maar indien ons vir een of ander rede hom by die huis los, kan ons verseker wees daarvan dat daar bewyse hiervan sal wees- hy is immers die beste tuin argitek wat ons nog gehad het!

Reggie is my konstante metgesel en sonder hom sou ek nie 'n onafhanklike, mobiele lewe kon lei nie. Dankie dat jy my oë is Reggie!



Ek hoop dat jy dit geniet het om van die vennootskap tussen Robert en Reggie te lees.

Jou volgehoue ondersteuning stel ons in staat om 'n betekenisvolle verskil in die lewe van die mense wat ons dien, te maak.

Vriendelike groete

Gail Glover

Uitvoerende Direkteur



**GUIDE-DOGS
ASSOCIATION**
South Africa

Johannesburg

Posbus 67585, Bryanston, 2021

Tel: 011 705 3512/0860 100 922

Faks: 086 506 3364

E-posadres: info@guidedog.org.za

www.guidedog.org.za



SA Guide-Dogs



@SAGuide_Dogs



sa_guide_dogs